Republikein

*Jou land. Jou taal. Jou koerant.*

# Wildmisdaad: 64 patrone gekonfiskeer

21 April 2020 | Misdaad




1.

0 0 0

Wildmisdaad is steeds besig om tydens die Covid-19-hoktyd af te neem met slegs drie nuwe sake aangemeld en sewe verdagtes in hegtenis geneem.

Volgens die weeklikse wildmisdaadverslag is vyf van dié verdagtes in verband met renosterstropery of pogings daartoe vasgetrek.

Beslag is op altesaam 64 patrone, vyf vuurwapens en twee muskeljaatkatvelle gelê.

Mnr. Munango Muhoko is verlede Woensdag by Rundu met die muskeljaatvelle glo in sy besit vasgetrek.